‘n Klein rol in ‘n groot verhaal

Rigters 16:4-22 & v30

Inleiding

- As ek ‘n fliek kyk
  - het ek het al baie gewonder oor die akteurs wat in die verskillende rolle moet speel,
  - en hoe hulle oor hulle rolle voel.

- Daar is die hoofkarakters,
  - wat bekende akteurs is met die sterk spiere of die lang bene,
    - Brad Pitt / Julia Roberts
  - en die groot rolle kry in elke tweede fliek waaroor almal praat.
  - Dit is seker lekker vir hulle.

- Dan is daar die res.
  - Die klomp mense wat kleiner rolle het,
    - Die taxi bestuurder,
    - die voetganger wat uit die pad spring van die jaende kar,
    - die kelner in die restaurant met sy 30 ‘seconds of fame’.
  - Rolle wat jy nie eers werklik raaksien nie!

- En dan wonder mens

- hoe voel hierdie onbekende akteurs oor hulle klein rolle, wat niemand regtig raaksien of oor praat nie?

- God leer ons in Simson se verhaal
  - van iemand wat nie 'n klein rol in God se groot verhaal wou hê nie.
  - Hy wou eerder 'n groot rol in sy eie klein verhaal speel

- As iemand tot bekering kom en sy geloof bely:
  - Dan is dit op 'n manier om jou groot rol van jou klein verhaal
  - In te ruil vir 'n klein rol in God se groot verhaal

- Vanoggend, waar jongmense hierdie geloof bely,
  - Moet hulle goed verstaan waaroor dit gaan
  - En moet elkeen wat dit al gedoen het... mooi in die spieël kyk
    - Lewe jy 'n klein rol in God se groot verhaal?
    - Of jaag jy 'n groot rol in jou eie klein verhaal?

- Om ons te help om hierdie vrae
  - te verstaan en te antwoord
  - gee God vir ons Simson se lewensverhaal
    - wat strek van Rigters 13-16
  - Die Rigters was mense wat God wou gebruik om Israel op hulle pad te rig
    - Rigting en leiding gee

- Dit was nog voor Israel konings gehad het soos die ander volke.

- Maar ons sien in hierdie boek van die Bybel oor en oor
  - hoe elkeen van hierdie Rigters
  - te swak is om God se mense deel te kan maak van God se verhaal

- Kom ons kyk na Simson se lewe...

Oorsig oor Simson se lewe:

- **Baba Simson** (Rig 13)
- 'n Engel het vir Simson se pa en ma vertel
  - dat die seuntjie van sy geboorte aan God sal behoort vir spesiale werk en 'n spesifieke rol,
    - Hy moes Israel help om uit die mag van die Filistyne te kom wat hulle al vir 40 jaar verdruk het
  - en as teken daarvan mag sy hare nie gesny word nie.
    - Hy sou baie sterk wees
  - Dit is 'n nasireër-gelofte genoem.
    - Nasireër beteken toegewyde.

- Dis die rol wat God vir hom gegee het, maar wat gebeur verder...
  - Simson gebruik die krag wat Hy gekry het om elke hoek en draai vir sy eie rol

        - Om homself die held in sy verhaal te maak
        - En boonop veral met Filistynse vrouens.
    - Daar was 3 vrouens in sy lewe waarvan ons weet...

Sy eerste vrou (Rig 14)

- Simson was verlief op 'n Filistynse meisie.
    - Hy het toe by haar gaan kuier.
    - Op pad soontoe het 'n leeu hom bespring en hy het die leeu kaalhande verskeur.
    - Toe hy later weer gaan om met die meisie te trou
        - sien hy bye het in die leeu se karkas nes gemaak.
    - Hy vat toe van die heuning en eet daarvan.

- Op sy troue vra hy toe 'n raaisel vir die Filistyne wat daar was en gaan 'n weddenskap aan.
    - Hulle kon nie antwoord nie en pers toe sy vrou af vir die antwoord.
    - Sy neul toe so by Simson en sê hy is nie meer vir haar lief nie,
        - dat hy maar vir haar die antwoord gee om haar van sy rug af te kry.
    - Sy verklap toe die storie,
        - Simson verloor die weddenskap en storm toe weg van die troue.

- Sy eie groot rol ...was die belangrikste.

Die tweede vrou waarvan ons lees was 'n prostituut

- Simson was op ‘n keer na die Filistynse stad Gasa toe.
    - Daar het hy ‘n Prostituut gesien en het by haar gaan ...kuier.
    - Die mans van Gasa het gehoor hy is daar
        - en het die huis omsingel om hom dood te maak.
    - Maar Simson het net bly lê tot middernag.
        - Toe almal slaap het hy opgestaan,
        - die stadspoort wat gesluit was uitgeruk
        - en op ‘n berg buite die stad gaan gooi.

- Sy eie groot rol ...was die belangrikste.

En dan natuurlik... Delila

- Simson het nou weer verlief geraak op Delila.
    - Die Filistyne het haar omgekoop om uit te vind waar Simson se krag lê.
    - Hy het baie vir haar gejok en elke keer het dit haar vies gemaak.
    - Hy was vasgebind met
        - Sewe boogsnare,
        - nuwe toue wat nog nooit gebruik is nie,
        - en sy hare is in ‘n weefstoel vasgeweef.

- Uiteindelik het sy so gekerm dat hy haar vertel het dat sy krag in sy hare sit.
    - Sy sny dit toe een aand af
    - Die Filistyne spring toe uit en vang hom, steek sy oë uit en laat hom meel maal in die tronk.

- Sy eie groot rol ...was die belangrikste.

Die inruil van rolle

- Sien jy hoe die Bybel die patroon in Simson se lewe skets?
    - Hy moes Israel red van die Filistyne
    - Maar Hy red eerder homself

    - Geroep en gawes gegee vir die klein rol om Israel te red in God se verhaal
    - Nie net sodat die Israeliete lekker in die aand rustig kon sit en 7delaan kyk nie.
    - Die Israeliete was gestuur om
        - as 'n nuwe gemeenskap van die enigste God in die heelal
        - die wêreld om hulle te transformeer.

- Maar Simson is eerder gedryf om met sy gawes die groot held te wees in sy eie klein verhaal
    - En die held in sy verhaal het
        - gevry wie hy wou,
        - geklits wie hy wou
        - en gekom en gaan soos hy wou,
- Sy eie groot rol ...was die belangrikste.

- Dis ook hoekom hy uiteindelik sy geheim uitgelap het vir Delila!

- Hy was al so ver besig met sy eie groot rol.
    - So gemaklik daarin.
    - So vol van homself,

        - hy het nie eens regtig gedink sy hare gaan ‘n verskil maak nie.

    - Ons lees in 16:20 hy het selfs gedink dat,
        - nadat hulle sy hare afgeskeer het,
        - hy weer soos voorheen net by die huis sou uitstorm.

- Maar hy was in vir ‘n wakkerskrik.
    - Sy krag was nie regtig in sy hare nie...
    - Dit was eerder in die Here wat hom krag gegee het vir ‘n klein rol in sy groot verhaal nie.
        - En sien asb raak hoe uiters geduldig God met Simson was!

- Maar toe hy sy hare laat sny was dit eintlik die finale klap in God se gesig
    - “ek-kan-nie-minder-omgee-oor-‘n-klein-rol-in-God-se-groot-verhaal-nie”....
        - en toe verdwyn die krag ook wat hy daarvoor nodig gehad het

- Daarna het Simson geproe hoe sy eie storie wat eintlik ‘n gemors was... ook in ‘n gemors eindig.
    - En dit het hom daarby gebring om weer rolle terug te ruil.

Die terugruil van rolle

- Simson se krag het nie later teruggekom omdat sy hare weer gegroei het soos party prentjies in 'n Kinderbybel dit laat lyk nie.

- Sy krag het teruggekom
  - toe hy daar by die Filistynse partytjie staan,
  - sy eie storie vergeet het en weer bereid was vir 'n klein rol in God se groot verhaal.

- En nóú was Simson reg daarvoor.
  - So reg dat hy sy eie lewe wou opgee daarvoor.
  - So reg dat hy later in Hebreërs 11:32 'n held van geloof genoem word
    - omdat hy uiteindelik geglo en vertrou het dat
      - 'n klein rol in God se groot verhaal
      - baie beter is as om 'n groot rol in sy eie klein verhaal te jaag.

- Hy het toe vir die Israeliete gedoen wat hy nog heeltyd moes in God se groot verhaal
  - en meer Filistyne is toe uit die pad van die Israeliete gehaal deur sy dood as in sy hele lewe.

Jesus Christus

- Ek weet nie van jou nie maar in Simson sien ek myself raak.
  - En dit maak my bang die kere wat ek ontdek dat ek besig is of was met my eie verhaal vir myself... sonder God.
  - Ook as ek proe hoe dit dan in my gesig ontplof

- Ek is oortuig daarvan dat ons almal êrens terug-ruil van rolle het om te doen.
    - Ons noem dit bekering, soos by Simson.

    - Dat daar plekke en verhoudings is waar ons vorentoe druk vir groter rolle vir onsself,
    - eerder as om bly te wees oor ‘n klein rol in ‘n groot verhaal waar Jesus Christus die held is.

- Dalk sien jy dit ook vanoggend
    - en kom agter dit is eintlik presies die bron van die gemors in jou lewe...?
    - Moenie huiwer nie... stop dit nou!
    - Jy kan want....

- Gelukkig is dit nie al wat God vir ons in Simson wys nie.
    - In Simson wys God ons ook in die rigting van Jesus Christus.
    - Die ware Rigter wat nie ‘n gemors van alles gemaak het nie
        - Omdat hy nie net ‘n mens was nie.
- Hy het nie gekom om sy lewe vir Homself te hou en te lewe nie
    - Maar alles wat Hy as God was
    - Gebruik om aan die kruis te betaal vir Simson en my en jou diefstal.
        - Waar ons rolle steel wat nie vir ons gegee is.
        - Vir eer... wat nie aan ons behoort nie

- Jesus Christus, die ware en foutlose Rigter wat sy lewe kom gee
    - kom rig deur hierdie verhaal van Simson ons elkeen duidelik weer op die pad
        - Die pad waar jy genoeg het
        - Vir die klein rol wat jy het
    - In hierdie groot verhaal van God se genade werk met mense.
- Waar Jesus Christus die enigste held is wat die bewondering en respek van Vaderbijlpark verdien.

- Hierdie evangelie boodskap is so anders as waardeur ons gemeenskap 'opgepshyc' word
    - Ons kinders word vertel om die grootste moontlike lewe te gaan lewe wat hulle kan
    - Ons probeer dit self... tot ons eie seer

- Mag ons almal vandag weer die bevryding en vrede beleef van 'n klein rol... in die beste verhaal ooit
    - Mag ons lewens die verhaal van Jesus vir ander vertel.

Slot

- Dalk is daardie 'no-name' akteurs uit hulle velle om 'n 30 sekonde kelner rol te hê in 'n fliek waar Brad Pitt die held was.

- Hoeveel meer behoort ons harte oor te loop van gretigheid vir ‘n klein rol in ‘n kosmiese verhaal waar Jesus Christus die held is?

- Mag die Gees van God ons almal oorweldig met hierdie diep insig oor die verstommende werk van Jesus!
    - Sodat ons ewe gretig ons dwase gespartel vir ons eie rolle opgee
    - En vreugde hê in die klein rolle wat Hy ons gee in die groot verhaal waarmee hy besig is oor die wêreldgeskiedenis heen.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
Belydenisaflegging - 15 November 2015